

**ALUMNI SE ROL IN DIE HOOP PROJEK**  
**Toespraak deur prof Russel Botman,**  
**rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch,**  
**by die jaarlikse dinee van die Klub vir SR-voorsitters,**  
**Wallenberg-sentrum, SIGNA, 11 November 2010**

Dankie voorsitter. Goeiemiddag, dames en here. Baie dankie vir die uitnodiging, en van my kant af, baie welkom hier, veral aan ons eregaste, dr Dawie de Villiers en sy vrou, Suzaan; en mnr Morné du Plessis.

Ek gaan nie lank praat nie. Ek wil julle net vinnig op hoogte bring van die jongste ontwikkelings by jul alma mater, spesifiek die Universiteit se HOOP Projek (US, 2010a). Die DVD wat ons pas gesien het, het die agtergrond verskaf. Ek wil net 'n paar punte uitlig en een of twee goed byvoeg.

Die HOOP Projek is die Universiteit Stellenbosch se nuwe ontwikkelingsveldtog, of soos hoër onderwys-instellings in die Engelstalige wêreld dit noem, ons "advancement campaign". Die beste universiteite wêreldwyd – Cambridge, Harvard, Yale, MIT – het almal 'n goed-uitgewerkte strategie om hul posisionering reg te kry en hul langtermyn-volhoubaarheid te verseker. Die HOOP Projek ons strategiese plan, en dis nogal uniek.

Dit verpak die Universiteit se sterkpunte op 'n manier wat enersyds sin maak in die lig van ons konteks in ons omgewing en tydvak; en andersyds, van ons 'n aantreklike proposisie maak vir mense en instellings wat deel wil wees van 'n wenspan met impak in die 21ste eeu.

Hoekom sê ek die HOOP Projek maak sin? Dink 'n bietjie terug aan daardie beleidsdokumente wat julle so opgeswot het in jul tyd as SR-voorsitters. Die amptelike "bestaansdoel" van die Universiteit is – en ek haal aan – "om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word, gedeel kan word, en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word" (US, 2000).

Dis 'n mondvol, nè? Presies! Nou, wat die HOOP Projek doen is om hierdie *jargon* te vat en daarvan 'n verstaanbare, betekenisvolle aksieprogram te maak. Kortom, dit stel Maties in staat om tot diens van die samelewing te wees deur ernstige probleme rondom ons met behulp van ons kundigheid te takel; en om die beste universiteit moontlik vir 'n nuwe geslag studente, dosente en navorsers te wees.

En deur dít te doen, raak ons 'n aantreklike proposisie vir die magdom mense daar buite wat graag in hierdie era 'n beter plek van die wêreld wil help maak. Met die HOOP

Projek kan die Universiteit Stellenbosch met trots sê, “Kyk, hier is ons, besig om ’n verskil te maak, kom kyk wat ons doen en werk saam met ons”.

En ons doen dit nié deur ’n vreemde koers in te slaan nie. Dis nie asof ons skielik ’n welsynsorganisasie of ’n NGO geword nie. Ons fokus juis op dít waarvoor Stellenbosch nog altyd bekend was – sy akademiese uitnemendheid en sy toonaangewende navorsing – met die klem op relevansie.

Kom ek gee julle ’n idee van hoe oortuigend dié wenresep is. Die afgelope drie jaar – in die stille fase van die HOOP Projek, wat in Julie vanjaar openbaar bekendgestel is – het 4 500 individue, maatskappye, filantropiese instellings en ander organisasies in Suid-Afrika en die buiteland reeds sowat R500 miljoen aan die US geskenk sodat ons hierdie belangrike taak waarmee ons besig is, kan volvoer.

Toegee, dis ’n pot geld. Maar dis minder as een derde van wat Stellenbosch nodig het om sy posisie te handhaaf as een van die beste universiteite op ons vasteland. As deel van die HOOP Projek het ons die grootse fondswerwingsveldtog nóg deur ’n Afrika-universiteit van stapel gestuur. Ons doelwit is om die volgende vyf jaar R1,75 miljard in te samel. Dit klink, weereens, na ’n groot bedrag, maar dis wêreldwyd ’n tendens dat universiteite toenemend op eksterne steun moet staatmaak namate staatsubsidies krimp en die eise van toegang en uitnemendheid groei.

Deel van ons strategie is om die hoeveelheid alumni wat geldelik terugploeg in hul alma mater op te stoot van die huidige 2% na 10%. Stellenbosch is in die bevoorregte posisie dat hy ’n sterk korps alumni het.

Die gesegde lui mos, “Eenmaal ’n Matie, altyd ’n Matie”. Ons oudstudente is trots op hul assosiasie met die Universiteit. En ons boodskap aan hulle is dat dit veral in vandag se mededingende beroepswêreld vir alumni van groot belang is om in die voortgesette sukses van hul alma mater te belê. Sodoende kan hulle verseker dat die kwalifikasies wat hulle hier verwerf het, en wat op hul CV’s pryk, so gesog moontlik bly.

Die afgelope vier maande het ons die HOOP Projek by verskeie geleenthede in ons land en oorsee aan duisende alumni en vriende van die Universiteit bekendgestel. En oral was die ontvangs entoesiasties (US, 2010b).

Vandag het ons die room van alumni hier – nie net oudstudente nie, maar voormalige studenteleiers. Daarom gebruik ek hierdie geleentheid om ’n uitdaging aan julle rig. Soos wat julle destyds op kampus gedoen het, wil ek hê julle moet weer leiding neem. Stel ’n voorbeeld, steun self die HOOP Projek, en gebruik jul netwerke en invloed om andere aan te spoor om dit ook te doen.

Volledige inligting oor hoe om betrokke te raak, is in die HOOP Projek-boekies beskikbaar. Julle kan dit ook met die alumni-kantoor bespreek; gesels gerus met Bev Witten hier teenwoordig, die Direkteur van Alumniverhoudinge.

Maar ek wil julle net gou vertel van 'n nuwe ontwikkeling wat julle veral besielend behoort te vind. Soos julle weet, was Dr Frederik van Zyl Slabbert 'n oudstudent en oud dosent wat groot hoogtes bereik het. Hy het met trots en geesdrif ook as Kansellier van die Universiteit gedien, maar is mos ongelukkig vroeër vanjaar ná 'n lang siekbed oorlede.

Om sy nalatenskap te huldig, het die Universiteit besluit om die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling tot stand te bring. Die Instituut het reeds met aanvoerwerk begin, en word vroeg volgende jaar amptelik bekendgestel.

As voormalige studenteleiers sou dit nogal gepas wees as julle in een of meer van die Instituut se programme belê en sodoende jul name daaraan koppel. Bev sal julle weereens in kontak met die regte mense kan plaas.

Dis dan al van my kant af. Baie geluk aan Dawie en Morné wat vandag vereer word. Baie dankie vir almal van julle vir wat julle vir hierdie universiteit beteken het, steeds beteken en nog in die toekoms gaan beteken as ambassadeurs van hoop. En sterkte met jul bedrywigheede as klub.

Baie dankie.

## BRONNELYS EN VERWYSINGS

### BELEIDSDOKUMENTE

**Universiteit Stellenbosch (US).** 2000. *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná.* URL: [www.sun.ac.za/university/stratplan/strat\\_afr.htm](http://www.sun.ac.za/university/stratplan/strat_afr.htm)

### INSTITUSIONELE PROGRAMME

**US.** 2010a. *Die HOOP Projek.* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: [www.diehooprojek.co.za](http://www.diehooprojek.co.za)

### NUUSBERIGTE

**US.** 2010b. Verskeie berigte te vinde op die Universiteit se internetnuusblad. URL: <http://blogs.sun.ac.za/nuus/category/hoop-projek/>